# LAER VOLKSKOOL
## GRAAFF-REINET

**NUUSBRIEF**
**Nommer 7**
**22 Februarie 2019**

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

**EPOS**
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

**MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER**
hoof@laervolkskool.org

**STUDEER SONDER SUKKEL**
Die sessies met Graad 4 leerlinge en ouers is as volg:
Leerdersessie – Maandag, 14 Maart 2019 om 07:15 tot 13:30 tydens skooltyd in die Kewertjie. Dit is 'n normale, verpligte skooldag en u kind moet by die skool wees. 'n Bedrag van R60,00 moet voor of op 14 Maart deur elke leerling betaal word.

Ouersessie – Maandag, 14 Maart 2019 om 17:30 tot klaar in Kewertjie.

## VAKANTE POS BY HOëR VOLKSKOOL: SKOOLHOOF

Hoër Volkskool is op soek na 'n skoolhoof wat ons kan help met ons visie vir Volkskool om een van die Top 100 skole te wees wanneer ons skool 100 jaar oud is in 2022.

Indien u weet van 'n geskikte kandidaat wat ons kan nader om aansoek te doen, kontak my asseblief. Ons benodig 'n selfoonnommer en e-pos adres sodat ons die posbesonderhede aan daardie persoon kan stuur. Sluitingsdatum vir aansoeke is 8 Maart 2019.

**EKSAMENROOSTER**

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | 1 Maart 2019 | Engels Gr 4 - 7 |
| Maandag | 4 Maart 2019 | NW Gr 4 - 7 |
| Dinsdag | 5 Maart 2019 | Wiskunde Gr 4 - 7 |
| Woensdag | 6 Maart 2019 | Afrikaans Gr 4 - 7 |
| Donderdag | 7 Maart 2019 | EBW Gr 7 |
| Vrydag | 8 Maart 2019 | TEG Gr 7 |

# SPORT

**TENNIS**
'n Gekombineerde eerste en tweede dogterspan en tweede seunsspan het 14 Februarie 2019 teen Niko Brummer gespeel. Die spelers het baie goed gespeel en was wenners van en op die baan. Laer Volkskool se seuns het 9 - 0 gewen en die dogters het 8 - 1 gewen. Baie geluk aan elke speler. Trots op julle!

Sterkte aan die 1ste seuns en dogterspan wat Maandag teen Karel Theron kragte meet.

**ATLETIEK**
Uitslae aangeheg.

**SWEM**
**B-groep gala –** Die uitslae is as volg:

A Thiart
50m borsslag 14de; 50m rugslag 6de; 50m vryslag 7de

A Nieuwoudt
50m vlinder 4de; 50m rugslag 7de; 100m vryslag 8ste; 50m borsslag 11de; 50m vryslag 9de

C Oosthuizen
50m rugslag 5de; 50m borsslag 13de; 50m vryslag 7de

E Viljoen
50m rugslag 9de; 50m vryslag 11de

F Naudé
50m rugslag 14de; 50m vryslag 18de

H van der Merwe
50m rusgslag 13de; 50m vryslag 15de

L Visser
50m rugslag 11de

A Luiters
50m rugslag 7de; 50m borsslag 12de; 50m vryslag 11de

M Blom
50m rugslag 6de; 50m vryslag 5de

F de Klerk
50m vryslag 9de

**C-Groep gala**

J Stroebel
Rugslag 6de; Borsslag 24ste; Vryslag 40ste

Z van Schalkwyk
Rugslag 33ste; Vryslag 17de

K Kruger
Rugslag 5de; Vryslag 12de

M van der Ahee
Rugslag 9de; Vryslag 27ste

A Basterman
Rugslag 19de; Borsslag 15de; Vryslag 20ste

L Volsoo
Rugslag 1ste; Borsslag 7de; Vryslag 5de

Ruben van der Ahee
Vryslag 5de; Rugslag 5de

D de Lange
Vryslag 24ste

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

**GOD SE MILDE SEëN**

Sê dankie vir die troos
en voorreg van gebed,
dankie vir God se milde seën –
en dat Hy ons ook red!

Spreuke 10:22

*D Joubert*
*Skoolhoof*
*Epos: hoof@laervolkskool.org*
*Tel: 049 8910803*

## Franja du Plessis en Willem Botha besoek Laer Volkskool

**PLEK: Laer Volkskool Saal**
**DATUM: Donderdag, 28 Februarie**
**TYD: 18h00 vir 18h30**
**PRYS: R50 per kind, R100 per volwassene**

**Heerlike verversings beskikbaar tydens pouse.**
**Donuts, cappucinnos, koeldranke en vele meer!**
**CD's sal ook te koop aangebied word na afloop van die konsert.**

Die OOV nooi die hele gesin uit om hierdie aand saam met ons te kom geniet! Kaartjies is by Brenda by Laer Volkskool se kantoor beskikbaar. Geen telefoniese besprekings nie. Daar sal ook kaartjies by die deure te koop wees.



**HEERLIKE AANDETE OOK BESKIKBAAR**

Die OOV gaan Hamburger-kaartjies verkoop teen R30 per burger. Kaartjies kan ook vooraf by Brenda gekoop word. Burgers sal vanaf 18h00 beskikbaar wees. Daar sal tafels en stoele in vierkant gepak word om die verversings by te geniet! Kom eet en kuier lekker saam!